Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Herstel

## Lukas 19:1-10

*Wanneer jy iemand anders benadeel of te na gekom het, is dit jou verantwoordelikheid om die verhouding te herstel.*

*Saggeus is die beroemdste boomklimmer in die Bybel. As hoof tollenaar was hy 'n ryk en belangrike man. Volgens die Jode sou God hom nie aan 'n tollenaar steur nie. Jesus sien egter vir Saggeus raak, roep hom op sy naam en nooi Homself om by Saggeus te gaan kuier. Jesus het immers juis gekom om gebroke mense soos Saggeus te herstel.*

*Hierdie verhaal vertel vir ons dat ons as kinders van God nie maar net jammer sê nie. Nee! Ons moet ook regmaak wat verkeerd is.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

*Jesus het in Saggeus herstel bewerk en iets merkwaardig het met Saggeus gebeur: Hy het nie net vir die mense gesê hy is jammer nie, hy het vir hulle meer terug gegee as wat van hom vereis was. Hy het verstaan: Wanneer ek droogmaak, moet ek regmaak.*

(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

# Herstel

*Wat is 'n paar van die dinge wat jy sou doen as jy geweet het dat Jesus na jou huis sou kom? Sal jy meer tyd neem om jou hart of huis voor te berei?*

*Op watter maniere kan sondes en skuldgevoelens uit die verlede jou daarvan weerhou om in die teenwoordigheid van Jesus te wil wees?*

*Die godsdienstige leiers in hierdie verhaal het nie geglo dat Saggeus verdien dat Jesus met hom te laat praat nie. Hoe kan jy veg teen die houding dat sommige mense meer genade verdien terwyl ander nie?*

*Jesus het niks genoem van geld, sonde of die behoefte om hom te bekeer toe hy met Saggeus gepraat het nie. Assosieer jy die teenwoordigheid van Jesus met heiligheid en die behoefte aan berou? Hoekom of hoekom nie?*

*Waarom was dit belangrik vir Saggeus om aksies te neem wat sy hartverandering gewys het?*

*Die verlossing wat in die huis van Saggeus gekom het, het niks daarmee te doen gehad om sy geld weg te gee nie. Saggeus moes sy hart en gedagtes van geld na Jesus herfokus. Wat beteken dit vir gelowiges vandag?*

Quellerina Gemeente